Die gedagte is uiteindelik aanvaar en in 1962 is met die betrokke navorsing begin wat in 1965 tot 'n suksesvolle einde gevoer is met die ontwikkeling van 'n werkende proefaanleg. Die volkskaalse werke is op basis van hierdie proefaanleg beplan en opgerig. Die inwerkingstelling van die herwinningsinstallasie het geskied op 'n tydstop toe Windhoek 'n ernstige waterkrisis ondervind het, en het voorkom dat streng waterbeperkings ingevoer word.

Sedert voltooiing van die Windhoekprojek het die Instituut sy navorsing oor waterherwinning voortgesit aan die hand van 'n proefaanleg in Pretoria; aansienlike verbeterings op die oorspronklike proses is bewerkstellig wat veral die ekonomie van herwinning gunstig beïnvloed. Die konstruksie van 'n demonstrasie-aanleg met 'n kapasiteit van 'n miljoen gellings per dag (van dieselfde orde as die Windhoek-aanleg) word nou by die Instituut se eksperimentele terrein by die Pretoriase Rioolwerke opgerig. Die aanleg sal dien as basis vir die beplanning van grootskaalse herwinningsskemas, as sentrum vir uitvoerbaarheidstudies en as uitstalvenster waar die publiek, die pers en alle instansies wat gemeed is met watervoorsiening hulself tevrede kan stel oor die veiligheid en uitvoerbaarheid van waterherwinning. Dit is nodig, want met verloop van tyd sal waterherwinning noodgedwonge in die meeste van die Republiek se stede toegepas moet word.

Dr. Stander is hoof- of mede-outeur van vyf tegniese publikasies oor die Windhoekse en Pretoriase waterherwinningprojekte, een waarvan as inleidende referaat aangebied is in die afdeling uitvloeielsbehandeling op die „Third International Conference on Water Pollution Research” in München in 1966. 'n Referaat oor die oprigting en inwerkingstelling van die Windhoekwerke sal in 1970 by die „Fifth International Conference on Water Pollution Research” in San Francisco aangebied word. As gevolg van die geweldige belangstelling wat die referate oorsee gewek het, is dr. Stander en sy navorsingspan oorval deur navrae en persoonlike besoeke van buitelandse wetenskaplikes en ingenieurs. Die P.U. vir C.H.O. vereer homself ryklik met die bekroning van Gert Johannes Stander.



Die graad Th.D. (Honoris Causa)

### WILLEM JACOBUS SNYMAN

Willem Jacobus Snyman is gebore op 19 Julie 1899 te Burgersdorp. Hy is die seun van dr. P. C. Snyman en mev. G. A. Snyman gebore Van Rooy. Sy vader het hy in sy jeug verloor, toe hy slegs 16 jaar oud was.

Toe sy vader predikant was op Steynsburg het sy onderwys begin aan die Gereformeerde Gimnasium aldaar. Na sy vader se dood is hy na Potchefstroom, waar hy aan die Voorbereidende Skool, later die Hoërskool Gimnasium, in 1916 gematrikuleer het.

Hy het hierna ingeskryf as student aan die Potchefstroomse Universiteitskollege vir Kristelike Hoër Onderwys en ontvang die B.A.-graad in 1920. Hy word toegelaat tot die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerk om vir predikant te studeer en in 1924 lê hy die kandidaatseksamen af.

In 1925 tree hy toe tot die bediening en was predikant van Lindley (1925-1927), Venterstad (1927-1944) en Krokodilrivier (1944-1946).

Die B.D.-graad verwerf hy deur privaatstudie aan die P.U.K. vir C.H.O. tydens sy bediening op Venterstad in 1932.

In 1935 vertrek hy met studieverlof van sy Kerkraad na Nederland en aan die einde van 1936 lê hy die doktoraal in Teologie af aan die Vrije Universiteit van Amsterdam.




Sinds 1946 is hy Professor in Nuwe Testamentiese vakke aan die Teologiese Skool en die P.U. vir C.H.O. waar hy met bekende deeglikheid, wetenskaplike benadering en gelowige wysheid met onderskeiding hierdie leerstoel beklee.

In die kerklike lewe het hy aktiewe leiding geneem en is van sy vermoëns gebruik gemaak. Hy was etlike kere die deputaat van die Gereformeerde Kerk in S.A. na Sinodale vergaderings in die buiteland. Hy was ook deputaat na die Gereformeerde Ekumeniese Sinode in Edinburgh en na die Calvinistiese kongres in Montpellier.

In sy vaderland het hy verskillende belangrike opdragte op kerklike en maatskaplike terrein uitgevoer. Op die gebied van die sending is sy advies altyd hoog gewaardeer. Vanweë sy heldere insigte en fyn aanvoeling op die gebied van die interkerklike verhoudinge en ekumeniese verbande word steeds van hom gebruik gemaak vir bestudering, advies en daadwerklike gesprek. Hy is vandag nog hoofredakteur van *Woord en Daad*, die bekende tydskrif van die Afrikaanse Calvinistiese Beweging.

Met die toekening van hierdie graad eer die P.U. vir C.H.O. een van sy oud-studente en ook hoogleraar wat aan die einde van hierdie jaar uittree uit sy diens. Sy studente onthou hom as indringende eksegeet en geleerde teoloog wat so simpatiek en menslik hul probleme kon aanvoel, ontleed en belig en gun hom dankbaar hierdie hoë onderskeiding.



Die graad D.Ed. (Honoris Causa)

## JOHANNES CHRISTIAAN COETZEE

Johannes Christiaan Coetzee is op 8 Maart 1893 op Venterstad gebore as tweede seun van mnr. en mev. J. L. Coetzee van die plaas Dassiespoort. Hy is op 27 Maart 1920 getroud met Aletta Johanna, tweede jongste dogter van mnr. en mev. A. C. A. van Rooy van Steynsburg. Uit die huwelik is vier seuns en een dogter gebore.

Na sy vroeë skoolopvoeding op Venterstad het hy die volgende eksamens afgelê: Op Worcester die Matrikulasie (U.K.G.H.) in 1909, op Potchefstroom aan die Teologiese Skool die B.A. met Lettere en Wysbegeerte en Natuurwetenskappe gekombineerd in 1912 (U.K.-G.H.), op Bloemfontein aan die Grey-Universiteitskollege die Voorlopige O.I. (U.O.D.) in 1914 en die Finale O.I. in 1917, die M.A. (Moderne Tale) in 1921, die M.Ed. in 1923 en die D.Phil in 1925 (aldrie onder die U.S.A.).

Sy loopbaan as onderwyser, dosent en professor toon dieselfde veelsydigheid as sy akademiese opleiding. Van 1914 tot 1917 was hy onderwyser aan die Gereformeerde Gymnasium en die Opleidingskool op Steynsburg, 1917 tot 1920 aan die Hoër Gimnasium op Potchefstroom en 1921 tot 1925 dosent aan die Potchefstroomse Normaalkollege. Sy verbintenis aan die Potchefstroomse Universiteitskollege en Universiteit vir C.H.O. het so verloop: in 1919 deeltydse lektor in Wiskunde, Toegepaste Wiskunde en Fisika, 1920 tot 1924 deeltydse lektor in Opvoedkunde, 1925 tot 1953 professor in Opvoedkunde, 1934 tot 1951 dekaan van die Fakulteit Opvoedkunde; 1951 tot 1953 ondervoorsitter van die Senaat, van 1 Desember 1953 tot 31 Desember 1963 rektor en in 1964 waarnemende professor in Opvoedkunde. In hierdie voordrag gaan dit net oor sy werk in die Departement en die Fakulteit Opvoedkunde.

Die Universiteit vereer hom vandag vir sy bydrae tot die Wetenskap van die Opvoeding. Hy is een van die Universiteit se begaafde, bekendste en veelsydigste studente en dosente. Met 'n wilskrag en selfbeheersing wat spreekwoordelik geword het, het hy tot groot hoogtes gestyg. Die geskiedenis van die onderwys en van die Opvoedkunde in Suid-Afrika kan nie geskryf


word sonder om sy naam (en werk) onder die voorste voortrekkers te noem nie. Hy was die mondstuk van die Gereformeerde opvoedkundiges in woord en geskryf. Hy het die ganse, wye veld van die Opvoedkunde (filosofies, religieus, teoreties, psigologies, empiries, histories, prakties, organisatories, didakties, ens.) beoefen. En in dit alles vind die leser en hoorder as grondslag die kinderlike geloof in die God van die Skrifte, 'n geloof wat soos 'n goue draad deur elke dissipline loop en wat al die dissiplines verbind het tot 'n hegte eenheid. As kampvegter vir C.N.O. het hy ook die beplanner en denker en spreker daarvan geword in eie kring en daarbuite.

Hy was 'n leermeester van geen geringe formaat nie — soos al sy studente kan getuig. Sy wetenskaplike noukeurigheid en voorbeeld het sy studente besiel tot eie nougesette studie — ruim 60 doktors en meer as 100 meesters het onder hom gepromoveer. Hy het baie geskryf, geen volledige lys kan hier en nou gegee word nie. Daar kan net verwys word na sy bekende handboeke (Teoreties, Empiries, Histories, Prakties), na gesaghebbende werke oor die geskiedenis van die onderwys (Wes-Europa, Suid-Afrika, Transvaal) na sy baanbrekende studies oor die Calvinistiese opvoeding en opvoedkunde, na sy werke oor die Psigoanalise en die Verstandsmeting. In opvoedkundige, kulturele, algemeen-wetenskaplike en godsdienstige tydskrifte (in Engels en Afrikaans, binne- en buitelandse) het baie artikels verskyn. As redakteur van heelwat tydskrifte (o.a. *Koers*, *Die Wagtoring*, *Die Christelike Skoolblad* en *Onderwysblad*) het hy vir baie jare koers en leiding aan ons Afrikaanse onderwys en opvoeding gegee.

In 1946 is hy gekies tot volle lid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, en in 1957 het die Akademie hom bekroon vir al sy opvoedkundige werke deur die toekenning van die Stalsprys.

Ons beskou hom as een van die grootste opvoedkundiges in ons land, as een onder die min opvoedkundiges van wêreldformaat, as een van die kinderlike gelowiges — en ons dank God dat sy gewes hierdie Universiteit, ons Afrikanervolk, Suid-Afrika as geheel, en veral ons kinders en hul toekoms ten goede kon kom.

Met groot dankbaarheid en opregte vreugde ken ons hierdie doktorsgraad toe aan die nestor van die Afrikaanse Opvoedkunde.



Die graad D.Comm. (Honoris Causa)

## JOHANNES STEPHANUS MARAIS

Johannes Stephanus Marais is op 23 April 1919 te Fraserburg, K.P., gebore. Hy is die seun van mnr. en mev. C. G. F. Marais.

Hy het die Kaapse Seniorsertifikaateksamen in 1939 aan die Hoërskool van Fraserburg in die eerste klas geslaag en in 1942 die graad B.Comm. (cum laude) aan die Universiteit van Stellenbosch behaal. Daarna het hy ook in verskeie professionele eksamens geslaag. Sy praktiese loopbaan begin hy in Januarie 1943 toe hy diens by die Federale Groep maatskappye aanvaar. Hy tree vir 'n aantal jare namens die Groep op by verskeie filiale en verwante ondernemings in die verskillende vertakkinge van die bedryfslewe.

Terwyl hy aan die Federale Groep verbonde was, het hy 'n diepgaande studie van die bankwese gemaak en is later toegelaat om 'n verdere studie op die gebied van die bank- en finansiewese in al die vernaamste lande te maak. In 1954/55 was hy dan ook verantwoordelik vir die stigting en daarna die beplanning en uitbouing van Die Trust Bank van Afrika, wat sedertdien so uitgebrei het dat dit vandag een van die „Groot Vyf” banke in Suid-Afrika is en wêreldwyd as een van die modernste banke beskou word.

Hy dien as voorsitter of direkteur in die direksies van baie maatskappye. Afgesien daarvan dat hy voorsitter of direkteur van die verskillende maatskappye in die Trustbankgroep is, is hy ook direkteur van al die hoofmaatskappye van die Federale Groep, die Nywerheidsontwikkelingskorporasie, Industriële Seleksies Beperk, Goodyear Tyre & Rubber Co. en voorsitter van Angra Pequena Viskorporasie.




Benewens bogenoemde bedrywighede is hy lid van die volgende liggame:

Die Ekonomiese Adviesraad van die Eerste Minister, die Adviesraad van die Buro vir Ekonomiese Onderzoek van die Universiteit van Stellenbosch, die Raad van die Universiteit van Suid-Afrika, die Raad van Beskermhere van die Buro van Marknavorsing van die Universiteit van Suid-Afrika, die Raad van Beskermhere van die P.U. vir C.H.O., die Uitvoerende Komitee van die Suid-Afrika-stigting, die Nasionale Filmraad, die Raad van Trustees van die S.A. Natuurstigting en Beskermheer van die Gemeenskapskas van Wes-Kaapland. Hy was tot onlangs ook President van die Afrikaanse Handelsinstituut.

Hy is in 1964 deur die Financial Mail gekies as „Sakeman van die Jaar”, deur die Sunday Times in 1968 as een van hulle „Vyf Vernaamste Sakemanne” en in 1968 ook deur die Harvard Business School Club of South Africa as „Sakestaatsman”. Dit getuig van die hoë aansien wat hy in die sakewêreld geniet.

Sy noue verbintenis met die opvoedkundige inrigtings in ons land moet deels daaraan toegeskrywe word dat hy oortuig daarvan is dat gedurige studie, navorsing, en opleiding onmisbaar vir die bevordering van doeltreffendheid en vooruitgang is. Self besoek hy dikwels verskillende lande om hom op hoogte te hou met die nuutste ontwikkelinge in die bankwese en verwante rigtings en ook om kontakte op te bou en te handhaaf. Die P.U. vir C.H.O. betuig graag by wyse van hierdie eregraad sy hoë waardering aan een van ons land se begaafte bedryfsleiers wat met harde arbeid en groot ondernemingsgees reeds so 'n groot bydrae tot die ekonomiese ontwikkeling van die Republiek van Suid-Afrika gelewer het.



Die graad LL.D. (Honoris Causa)

## JAN VAN WYK DE VRIES

Jan van Wyk de Vries is gebore op 6 September 1915 te Pretoria as kind van wyle mnr. W. van Wyk de Vries en mev. A. B. van Wyk de Vries (gebore Last). Hy ontvang sy skoolopleiding aan die Afrikaanse Hoër Seunskool in Pretoria en slaag die matrikulasië-eksamen in 1932 in die eerste klas. Daarna is hy na die Universiteit van Pretoria (Buitemuurs), waar hy die graad B.A. en in 1938 die graad LL.B. verwerf. Hy neem in meer as een opsig leiding op studentegebied en help o.a. met die stigting van die A.N.S., nou die A.S.B. Ook op sportgebied, veral as atleet, presteer hy en in 1942 is hy medestigter van die eerste Afrikaanse atletiekklub in Johannesburg.

Na voltooiing van sy studies neem hy deel aan 'n aantal kultuurorganisasies in Pretoria. In Julie 1939 word hy benoem tot Adjudant-Generaal van die Ossewa-Brandwag met die opdrag om die beweging in Transvaal te stig. Sy bedrywighede in hierdie organisasie het aanleiding gegee tot sy internering in Mei 1940. Die internering was eger kortstondig. Na sy vrylating verleen hy regshulp aan die beweging en sy lede. Hy is reeds etlike jare voorsitter van die Bond van Oud-geïnterneerdes en Politieke Gevangenes.

Hy was lid van die Skoolkomitee vir die Laerskool in Linden en van die Beheerraad van die Lindense Hoërskool. Vanaf 1948 tot 1954 was hy lid en ondervoorsitter van die Skoolraad, Witwatersrand-Sentraal. Vanaf 1954 tot 1964 was hy lid van die Mediese en Tandheelkundige Raad.

In die sakewêreld het hy sedert 1932 verskillende gebiede betree. So was hy vanaf die begin gemoeid met die stigting en ontwikkeling van Volkskas Beperk; hy dien in die direksies van 'n groot verskeidenheid maatskappye; hy was 'n medestigter van die Dagbreekpersgroep, en van 'n uiteenlopende aantal ander bedrywe.

Sedert 1953 is hy die politieke en regsadviseur van die Koning van Swaziland, Sobhuza II. Hy het aanvanklik 'n meesterplan uitgewerk vir die stigting van die Imbokodvo, die politieke beweging van die Koning om die linkse elemente te bekamp, en daarna was hy outeur van die Grondwet van Swaziland.


Wat sy verdere loopbaan as regsgeleerde betref, het hy in 1940 as prokureur in Johannesburg begin praktiseer. In daardie beroep het sy belangstelling ook in ekonomiese rigting begin groei. So word hy regsadviseur van die Reddingsdaadbond en die Ekonomiese Instituut. Vir die grootste gedeelte van sy loopbaan in die sybalie het hy gespesialiseer in handelsreg en maatskappyreg.

In 1954 tree hy tot die Johannesburgse Balie toe waar hy kon voortgaan met hierdie spesialisasie. In 1962 word hy senior advokaat met 'n praktyk hoofsaaklik op die gebied van handelsreg en maatskappywese.

In Augustus 1963 word hy tot Waarnemende Regter van die Hooggeregshof, Transvaal Provinsiale Afdeling, benoem. In Oktober van daardie jaar is hy deur die Staatspresident aangestel as Voorsitter van 'n Kommissie van Ondersoek na die Maatskappywet met opdrag om die Maatskappywet te ondersoek, aanbevelings vir die wysiging van dié Wet te doen en om 'n wetsontwerp in dié verband op te stel. Hierdie ondersoek is byna afgehandel ná feitlik wêreldwye ontleding van die maatskappyreg en maatskappywese wat gelei het tot die formulering van 'n wetsontwerp wat 'n wesenlik nuwe Maatskappywet vir Suid-Afrika aanbeveel.

In September 1968 is hy deur die Staatspresident benoem as Voorsitter van 'n Kommissie van Ondersoek na die Universiteitswese in Suid-Afrika. Die opdrag is baie wyd gestel en sal verg dat byna elke aspek van die universiteitswese ondersoek moet word. Reeds in Junie 1969 het hierdie kommissie 'n tussentydse verslag gelewer oor die subsidiëring van universiteite vir die tydperk 1970 tot 1972.

Met trots ken die P.U. vir C.H.O. die eregraad aan Sy Edele toe.



Die graad LL.D. (Honoris Causa)

## BALTHAZAR JOHANNES VORSTER

Adv. B. J. Vorster is op 13 Desember 1915 op Jamestown in die Kaapprovinsie gebore as die 13de kind uit 'n gesin van 14 seuns en dogters.

Na die voltooiing van sy hoërskoolloopbaan op Sterkstroom, Kaap, is die jong John Vorster in 1934 na Stellenbosch waar hy in die regte gaan studeer het. Op Stellenbosch het adv. Vorster o.a. 'n kursus in Sosiologie onder dr. Verwoerd gevolg asook 'n kursus in die Regte onder dr. T. E. Dönges, tot onlangs nog Minister van Finansies in adv. Vorster se Kabinet. Tans is hy kanselier van sy alma mater.

Adv. Vorster het 'n aktiewe rol in die studentelewe op Stellenbosch gespeel; hy was ondervoorsitter van die Studenteraad en voorsitter van die Debatsvereniging. Hy het hom toe al onderskei as openbare spreker, terwyl sy belangstelling in die landspolitiek hom die leierskap van die Junior Nasionale Party besorg het. Dit was reeds tydens sy studiejare op Stellenbosch dat hy mej. Tini Malan, student in die sosiale wetenskappe, ontmoet het. Hulle is in Desember 1941 getroud. Hulle het 'n dogter en twee seuns.

Nadat adv. Vorster in 1936 die B.A. en in 1938 die LL.B. verwerf het, was hy registrateur van regter-president H. S. van Zyl van die Kaapse Afdeling van die Hooggeregshof in Kaapstad. Daarna was hy as prokureur werksaam eers in Port Elizabeth en later in Brakpan.

Later, nadat hy in 1953 tot Parlements lid verkies is, is hy tot die Johannesburgse balie toegelaat en het hy as advokaat gepraktiseer tot met sy aanstelling as Adjunk-Minister in 1958. As een van die leidende figure in die Ossewa-Brandwag, is adv. Vorster in September 1942 in Port Elizabeth — waar hy toe prokureur was — kragtens die Noodregulasies gearresteer en vir drie maande gevange gehou sonder verhoor, waarna hy geïnterneer is te Koffiefontein tot sy loslating in Februarie 1944.

Direk ná die oorlog het adv. Vorster sy toetrede tot die aktiewe politiek gemaak en in 1948 die Brakpankiesafdeling betwis as onafhanklike Afrikaner Partykandidaat. In dié verkiesing is hy met twee stemme verslaan deur mnr. A. E. Trollip, toe Verenigde Partykandidaat en later Minister van Immigrasie en Indiër-sake. Met die volgende algemene verkiesing in 1953 het hy die naburige kiesafdeling Nigel vir die Nasio-

nale Party verower. In die 1958-verkiesing het hy sy setel behou en in 1961 is hy onbestrede verkies. In die algemene verkiesing van 1966 het adv. Vorster die setel opnuut behou.

Toe dr. Verwoerd in 1958 tot Eerste Minister verkies is, het hy adv. Vorster aangestel as Adjunk-Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap en van Volkswel-syn en Pensioene.

In 1961 is adv. Vorster tot Minister bevorder toe die Departement van Justisie aan sy sorg toevertrou is, terwyl hy terselfdertyd ook nog die portefeulje van Onderwys, Kuns en Wetenskap tydelik moes behartig. Die Departement van Justisie, Polisie en Gevangenis-wese het hy behou tot met sy verkiesing as Eerste Minister.

Adv. Vorster het die swaar verantwoordelikheid van Suid-Afrika se veiligheid gedra in die moeilike tye wat gevolg het op die Sharpeville-onluste toe wet en orde bedreig is deur ondermynende magte, aangehits deur die Kommunistiese Party en die Kommunisties-beheerde A.N.C. en P.A.C. Met die veiligheid van die Staat as hoogste regsbeginsel het adv. Vorster gedurende hierdie kommervolle tydperk nie gearsel om die kragtige maatreëls wat deur die Parlement goedgekeur is ter bekamping van opstand en geweld met eweveel krag toe te pas nie.

In die Parlement het hy vir hom 'n reputasie opgebou as kragtige spreker en as gedugte teenstander in die debatte. Sy oortuigings betreffende parlementêre aangeleenthede het hy in sy eerste kort toespraak as Eerste Minister duidelik uiteengesit: „Ek glo in die Parlement as instelling, in sy prerogative en voorregte en in die regte van parlementêre minderhede. Ek sal optree as eerste verdediger van dié regte en voorregte.”

Adv. Vorster het hom onderskei as 'n besonder bekwame administrateur en as sodanig dwing hy die respek en hoogagting af van die amptenare onder hom.

Hy stel lewendig belang in sport en het 'n uitgesproke voorkeur vir gholf. Skaak is ook 'n gunsteling-tydverdryf van adv. Vorster.

Die eregraad D.Phil. is in 1966 aan hom toegeken deur die Universiteit van Stellenbosch en die eregraad LL.D. deur die Universiteit van die Oranje-Vrystaat en Pretoria in 1967.

Dit is vir hierdie Universiteit 'n eer om in sy eeufeesjaar Sy Edele, adv. Vorster tot sy lys van graduandi toe te mag voeg.

## MET HARTLIKE DANK



Die volgende persone en instansies se bydrae tot die Eeufees van die Teologiese Skool en die P.U. vir C.H.O. word met groot dank en waardering erken:

- Die Raad van die P.U. vir C.H.O. en die Kuratorium van die Teologiese Skool vir die finansiering van die eeufees
- Die Eeufeeskommissie proff. H. J. J. Bingle (voors.), S. P. van der Walt, S. du Toit, W. N. Coetzee, B. Duvenage (sekr.) en mnr. H. M. Robinson
- Die Deputate vir eeufeesviering van die Teologiese Skool in samewerking met die P.U. vir C.H.O.
- Alle personeellede van die P.U. vir C.H.O. wat meegewerk het om van die feesviering 'n sukses te maak en in besonder
  - Die Direkteur van Ontwikkeling mnr. H. M. Robinson en sy personeel
  - Die Direkteur van Biblioteekwese prof. H. C. van Rooy en sy personeel
  - Die Registrateur (Akademies) mnr. G. P. Schoeman
  - Die Registrateur (Finansies) mnr. C. J. H. Schutte
  - Die Rekenmeester mnr. H. J. Coetzee
  - Die administratiewe personeel waaronder die Sekretaris van die Rektor mev. M. Smit
  - Die Eeufeeshuisvestigingskomitee (mnr. W. J. Coetzee, J. A. Steenkamp, H. J. Coetzee en P. W. Bingle)
  - Die hoof van die Tegiese Departement mnr. A. van der Walt en sy personeel
  - Die Koshuisbestuurder mnr. W. J. Coetzee en sy personeel
  - Die Dekane, die feeskommissies van die verskillende fakulteite, departementshoofde en hul personeel wat gedurende die jaar verskillende funksies gereël het of daaraan deelgeneem het
  - Die Direkteur van die Sportinstituut mnr. P. Malan en sy personeel
  - Die publikasiekommissie van die Eeufeesgedenkprogram prof. S. J. du Plessis en mnr. W. J. de V. Prinsloo
- Die kommissie wat die teks vir die Massakuspel gelewer het proff. W. N. Coetzee, P. D. van der Walt en dr. T. Botha
- Mnr. G. N. van den Bergh vir rolprentopnames
- Die Departement Spraakleer en Drama o.l.v. dr. T. Botha vir die aanbieding van die Massaspel op 3 Oktober
- Die Departement Musiek vir die reëlings van die konsert van 4 Oktober
- Prof. P. J. de Villiers vir die toonsetting van die Eeufeeskantate

- Ampsdraers van die Teologiese Skool
- Die skrywers en redaksiekommissie van die Eeufeespublikasies t.w. „My Erfenis is vir my mooi”, „Die Atoomeeu in U lig” en „Die Koninkryk van God”
- Referente en sprekers wat gedurende die jaar opgetree het
- Die buitelandse sprekers wat op uitnodiging van die Eeufeeskommissie opgetree het: proff. L. Kuipers, K. Runia, A. D. R. Polman, C. G. Seerveld
- Die sprekers met die hoogtepunt van die feesviering: proff. J. Chris Coetzee, H. J. J. Bingle, S. P. van der Walt en Sy Edele die Eerste Minister adv. B. J. Vorster
- Dr. G. C. P. van der Vyver vir die amptelike opening van die hoogtepunt van ons feesvierings
- Ds. A. A. Venter vir die waarneem van die gesamentlike eeufeesdiens
- Kunstenaarsgeselskappe en -groepe wat gedurende die jaar opgetree het met uitstallings en kunsaanbiedinge waaronder die soliste in die Eeufeeskantate Joyce Barker, Sarie Lamprecht, Gert Potgieter en Rudi Neitz
- Mimi Coertse wat spesiaal vir haar konserte in ons eeufeesprogram gekom het
- Die S.A.U.K.-Simfonie-Orkes o.l.v. Anton Hartman met Nikola Petrovic as Konsertmeester
- Die leërorkes o.l.v. kmdt. H. T. Hewartson S.M.
- Mnr. Henning Kruger en ander vir versiering van die geskenkboeke aan sprekers by die hoogtepunt
- Ds. P. W. Buys vir die teks van die kantate
- Mev. Irma van Wyk en ander vir die versiering van die Sentrale Eetsaal gedurende die hoogtepunt van die feesvierings
- Die Stadsraad van Potchefstroom
  - Die Verkeersdepartement
  - Die Parkedepartement
  - Die Damvakansieoordbestuurder
- Die Rektor van die P.O.K. mnr. J. P. de Lange en sy personeel vir die verlening van huisvesting met die hoogtepunt
- Die Hoof van Gimnasium-Hoërskool mnr. A. J. Combrink en sy personeel vir die verlening van huisvesting met die hoogtepunt
- Die Wes-Transvaalse Rugby-unie vir die beskikbaarstelling van die Olën-sportterrein
- Die Suid-Afrikaanse Spoorweë vir veiligheidsmaatreëls by die spoorwegoorgang in Meyerstraat gedurende die hoogtepunt
- Die karavaankommandant mnr. F. F. Graphorn
- Brig. J. J. Stapelberg S.M., kol. M. J. du Plessis en ander offisiere en eenhede van die Weermag

- Die Voorsitter van die Beheerraad van die S.A.U.K. dr. P. J. Meyer en die personeel
- Dr. D. Kempff vir onderhandelinge met die S.A.U.K.
- Professionele en wetenskaplike verenigings wat aan die Universiteit vergader het
- Persone wat gelukwensings namens verskillende instansies oorgebring het namens die Gereformeerde Kerk
  - die Nederduitse Gereformeerde Kerk
  - die Nederduitsch Hervormde Kerk
  - die plaaslike gemeenskap
  - die plaaslike onderwysinrigtings
  - die oud-studente
  - die Suid-Afrikaanse universiteite
  - die kulturele, wetenskaplike en navorsingsinstansies
  - die georganiseerde handel en nywerheid
  - die buitelandse universiteite en teologiese skole
- Die studente van die twee inrigtings wat aan die program deelgeneem het
- Die Pers vir hul beriggewing w.o. die dag- en weekblaaie en „Die Kerkblad”
- Die redaksies van die „P.U. Kaner” en „Die Wapad”
- Die eregaste vir hul belangstelling en teenwoordigheid
- Die Perdekommando van teologiese studente
- Die deelnemers aan simposia, konferensies, ens. gedurende die jaar
- Al die feesgangers by die hoogtepunt van die eeufeesviering
- Alle donateurs en vriende van die Universiteit en Teologiese Skool
- Voorts almal wat bygedra het tot die suksesvolle verloop van die eeufeesviering.

### DIE EEUFEEKOMMISSIE

Prof. H. J. J. Bingle (Voorsitter)  
Prof. S. P. van der Walt  
Prof. S. du Toit  
Prof. W. N. Coetzee  
Mnr. H. M. Robinson  
Prof. B. Duvenage (Sekretaris)

